Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom?

Johan van der Merwe[1][2]

> ***Joh 1*** *43Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: "Volg My!" 44Filippus was van Betsaida afkomstig, van dieselfde dorp as Andreas en Petrus. 45Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: "Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef." 46Maar Natanael sê vir hom: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?" "Kom kyk," het Filippus hom geantwoord. 47Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien aankom, sê Hy van hom: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie." 48Natanael vra Hom toe: "Waarvandaan ken U my?" "Voordat Filippus jou geroep het," antwoord Jesus hom, "toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien." 49Toe roep Natanael uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!" 50Daarop sê Jesus vir hom: "Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien." 51Verder sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe."*

Die toekoms is nie meer wat dit was nie

Hoe het die tye net nie verander nie dat hierdie voordrag die NG Kerk in verband bring met die bekende sê-ding oor die onbenullige Nasaret in plaas van die magtige Jerusalem, Rome of Athene, die destydse setels van volksidentiteit, regspraak en intellek. Die toekoms is duidelik nie meer wat dit was nie. Van die kerklike optimisme van die 60s en die 70s is in die NG Kerk geen spoor meer te vinde nie. Selfs die 80s het nog die selfbewussyn gedra dat, alhoewel die land om ons brand, ons dit kerklik sal kan hanteer en na eie goeddunke sal kan bestuur en beïnvloed, met die hulp van ons lakeie in die regering van die dag. Die 90s en die eerste dekade van die 2000s is so bietjie van 'n waas. Mens sukkel om dit te onthou, want dit was 'n tydperk van intense ontwrigting, 'n vryval van verlies, oorlewing, ontkenning, disoriëntasie. Ons is sedertdien nie noodwendig in kalmer vaarwaters nie, maar dis of die skok van die verlies aan mag en invloed, en die skaamte vir die verlede 'n mate van rypwording bereik het wat ons neem van 'n posisie van angstige konsolidering en selfbehoud na die versigtige vraag hoe ons onsself as NG Kerk kan investeer in ons huidige werklikheid, 'n bydrae kan lewer in die "nuwe normaal".

Aangesien ander voordragte die teologiese onderstrominge in die NG Kerk meer direk aanspreek, wil hierdie bespreking eerder op 'n intuïtiewe en self-erkende subjektiewe vlak fokus op toekomsscenario's. Die vraag of daar iets goeds uit die NG Kerk kan kom, is so ernstig soos wat Natanael dit oor Nasaret ook gevra het. Immers, dit lyk baie onwaarskynlik, gegewe wat ons weet oor Nasaret en oor die NG Kerk se verlede. Omdat dit 'n ernstige vraag is, is die antwoord hierop in terme van die NG Kerk ewe ernstig: "Ons weet nie". Oftewel, dit hang af. Ja, Christus hou self sy kerk in stand. Of dit beteken dat Christus die denominasie wat ons die Nederduitse Gereformeerde Kerk noem as sodanig en in haar huidige vorm wil in stand hou, is 'n ander vraag. Filippus val

---

[1] VBO-konferensie, Bloemfontein, 4 September 2018

[2] Johan van der Merwe het hom nagraads in die teologie besig gehou met die verhouding tussen liturgie en etiek en het sedertdien ook 'n wye belangstelling in innovasie en strategie ontwikkel. Nadat hy mens geword het tydens sy bediening op Somerset-Oos (1995-2001), is hy sedertdien leraar van Stellenbosch Moedergemeente. Johan is lief vir die NG Kerk. Johan is ook bekommerd oor die NG Kerk. Johan is opgewonde oor gemeentes.

natuurlik nie in die slaggat om te veel te verduidelik en te verdedig nie. "Kom kyk," antwoord hy en verplaas daarmee die bron van hoop na Jesus Christus self. Nie 'n slegte idee vir die NG Kerk nie. En tog, wat dit in die praktyk beteken moet bedink word. Om oë toe te knyp en te hoop dat ons vanself in een of ander NG utopie sal indryf, is onverantwoordelik en plaas ons in die passiewe posisie van 'n slagoffer. Niks is so onaantreklik as 'n slagoffer-mentaliteit nie. Die teendeel, naamlik om in beheer te wees en ons eie bestemming te bepaal, is egter al probeer in die voorafgaande dekades. Dit is te lig bevind. Om te glo in wat Dallas Willard "the divine conspiracy" noem, is waarskynlik 'n beter benadering. Die Goddelike "komplot" as 'n "sameswering" om die Koninkryk te laat kom. Willard sê die Koninkryk is waar dit wat God wil hê moet gebeur, wel gebeur. Hy sê ook die komplot beteken God voer iets in die mou, en ons is deel daarvan. En dan noem hy gebed "om te praat met God oor wat ons saam met Hom doen". Dit is nie 'n slagoffer-mentaliteit of 'n mentaliteit van verlies en skaarsheid nie, maar eintlik 'n mentaliteit van oorvloed. Hierdie oorvloed is egter nie te verwar met 'n oorvloeds- of voorspoedsteologie nie, want dit is die oorvloed van God en sy Koninkryk en die agentskap van die kerk as die Liggaam van Christus en "medewerkers van God".

Om dít te glo en te lééf hoort tot die diepste essensie van die kerk en sou ook as 'n eskatologiese ekklesiologie beskryf kon word. Want slegs 'n geloofsgemeenskap wat met 'n heilige vermetelheid kan hoop en met 'n fyn onderskeiding na God luister, kan met vrymoedigheid sê: "Kom kyk!" Voordat ons dus na vier toekomsmoontlikhede en die waarskynlikheid daarvan vir die NG Kerk kyk, 'n paar woorde oor die vermetelheid van hoop.

Die vermetelheid van hoop

In 1886 skilder George Frederic Watts sy bekendste werk, getitel "Hope". Hy word uit kerklike kringe ernstig gekritiseer omdat die skildery na die mening van die teoloë eerder wanhoop uitbeeld en nie geloof sou inspireer nie. 'n Vrou sit alleen op 'n aardbol. Sy is geblinddoek en geboë – byna in 'n fetale posisie. Eerder wanhopig? Maar as ons nie in die ooglopende vaskyk nie is daar verrassende perspektiewe:

- Dis donker en sy is nog geblinddoek ook, maar daar is ligbronne waarvan sy nie bewus is nie. Die eerste ligbron kom reg van die waarnemer af. Dis of die waarnemer die vermoë het en die keuse kan uitoefen om die toneel te verlig. 'n Tweede ligbron is 'n ster, so klein dat die meeste kommentaar oor hierdie skildery dit nie vermeld nie. (Die pyltjie dui die posisie van die ster aan en onder is 'n vergroting).
- Wat amper lyk na 'n stoel waarvan die vrou afgegly het, is 'n lier. Van die tien snare het nege al gebreek. Die vrou is vooroor gebuk omdat sy fyn luister na die geluid van die een oorblywende snaar wat sy met

dringendheid bly speel. Daar is musiek in haar wat móét speel. Dis soos Camus gesê het: "In the midst of winter, I found there was, within me, an invincible summer."

Martin Luther King Jr. het in 1959 sy preek "Shattered Dreams" op hierdie skildery gebaseer. So ook Jeremiah Wright in Chicago in 1990. By Wright het daardie dag 'n baie jong Barack Obama in die gehoor gesit. Hy het die tema onthou – "The Audacity of Hope" (Die Vermetelheid van Hoop).[3]

King se boodskap was dat ons in die oomblik moet leef en terwyl ons onthou dat dinge om ons altyd onvolmaak en onvoltooid sal wees, ons op verhoudinge moet fokus en soms hoef ons net te onthou om die een voet voor die ander te sit. Altyd vorentoe. Obama was meer "vermetel". Hy het minder geduld met teleurstelling openbaar en die houding gehad van die Chinese spreekword wat sê: "Those who say it cannot be done should not interrupt those who are doing it." Daar is iets hardnekkigs, iets oneerbiedigs aan so 'n hoop. Geen eerbied vir die siening dat dinge nooit kan verander nie. Geen eerbied vir die idee dat mense maar so gemaak en laat staan is … dat ék maar so gemaak en laat staan is nie. Hoop te midde van moeilikheid en onsekerheid. Dis God se groot geskenk aan ons om te kan musiek maak terwyl ons die lig nog nie sien nie. Soos die Kroasiese teoloog Kuznik geskryf het: "Hope is the ability to hear the music of the future. Faith is the courage to dance to it in the present." Ons kan natuurlik byvoeg: "Love gives you a community to do it with." Ons moet natuurlik ook die woorde van Nietzsche onthou: "Those who dance are considered insane by those who can't hear the music." Dis die lot van 'n gemeenskap van hoop en lig, dat dit haaks op die wanhoop en die donkerte staan.

Brian McLaren gebruik ook die provokerende terme van 'n komplot om die Liggaam van Christus mee te inspireer:

"When groups of seemingly disparate people defect and band together in the way of Jesus, they form what we may call unterror cells. They secretly plot detonations of hope. They quietly conspire to set off explosions of spontaneous kindness. They plan gentle coup d'états to replace regimes of domination and oppression with movements of empowerment and service. In a complete overthrow of violent terrorism, they fly aeroplanes of generosity into towers of need and plant improvised encouragement devices by roadsides and in neighbourhoods everywhere, seeking God's kingdom and God's equity."

Obama het onlangs by die Mandela-lesing dit só verwoord:

"It shows a poverty of ambition to just want to take more and more and more, instead of saying, "I've got so much. Who can I help? How can I give more and more and more?" That's ambition. That's impact. That's influence. What an amazing gift to be able to help people, not just yourself. And that's what we need right now, we don't just need one leader, we don't just need one inspiration, what we badly need right now is that collective spirit.

Die geloofs-, hoop- en liefdesingesteldheid van die NG Kerk om fyn te kan luister na die lied van God wanneer ons juis karig gesnaar is en terselfdertyd bewus te wees van die godgegewe vermoë en roeping om op so 'n manier waar te neem dat alles waarna ons kyk en luister en waaraan ons raak in lig verander, dáárin lê die goeie wat ons met vrymoedigheid kan laat roep: "Kom kyk!" Deur hierdie eskatologies-ekklesiologiese lens, kan ons nou kyk na moontlike toekomsscenario's van die NG Kerk en 'n voorspelling waag van waar die huidige trajek ons heen neem en of ons van spoor behoort te verwissel.

Toekomsmoontlikhede

Soveel hoofde soveel sinne. In 'n onlangse gesprek met die binnekring (dominees, kerkraad, personeel) van 'n gemeente het die vraag oor hoe hulle die NG Kerk oor 10 jaar sien, weinig

[3] Dit was dan ook die titel van sy boek wat in 2006 verskyn het.

konsensus opgelewer. Eerste reaksies was "witter as sneeu", waarop iemand bygevoeg het haar 8-jarige vra hoekom is daar net "vleeskleurige" mense in ons kerk? Verder is daar 'n persepsie dat die kerk nie oor 10 jaar 'n kerk sal wees waarin jongmense tuis voel nie, gegewe 'n waargenome tendens dat jongmense "vryheid" soek en by meer charismatiese kerke aansluiting vind. Maar dan sal 'n ander sê nee, hy sien 'n terugkeer van jongmense na die kerk. Sommiges voel 'n kerkskeuring is onvermydelik en moet maar liefs nou kom en klaarkry. Die skeuring sal blykbaar plaasvind op die breuklyne van Skrifverstaan. En blykbaar gaan dit 'n Noord-Suid en 'n Platteland-Stad skeuring wees. Ander voel optimisties dat ons gelukkige gemeentes gaan hê wat onafhanklik gaan funksioneer en waarbinne mense nie die Albatros van die denominasie-verband om die nek meer hoef te dra nie. Ander is ook gou om by te voeg dat daar reeds baie innovering plaasvind en baie gemeenskapsinisiatiewe is waar die NG Kerk se leidende rol in die gemeenskap erken word en natuurlik belyn met ons missionale identiteit. Terug by die 10 jaar voorspelling voel een daar gaan geen gay mense in die kerk oor wees nie, terwyl 'n ander daarop wys dat by hulle gemeente baie mense wat eintlik as gemarginaliseer gesien kan word by die gemeente aansluit en dat hy nie kan sien dat die tendens nie sal voortduur nie. Trouens, nou die dag nog het 'n gay lidmaat gesê dat dit wonderlik is om deel te wees van 'n gemeente waar dit nie saak maak wie se hand hy in die kerk vashou nie. En toe weet ons nie meer nie en gaan maak maar liewers koffie.

Per definisie is die oefening van toekomsnavorsing self deur onsekerheid gekenmerk. Dit beteken egter nie dat ons nie ernstig moet streef om tendense raak te sien en daarop te kan reageer nie. Een metode wat ons kan help is scenario-beplanning.

Scenariobeplanning

Scenariobeplanning is 'n formele metodologie wat plaaslik veral deur Clem Sunter[4] ontwikkel is. Dit is nie toekomsvoorspelling nie en as ons vra na die toekoms van die NG Kerk, geld dieselfde beginsels. Ons is immers gewoonlik verkeerd as ons die toekoms voorspel. In 'n interessante ondersoek in die 1980s is die hoofde van groot maatskappye, maar ook vullisverwyderaars in Londen gevra om tien jaar voorspellings te maak van die BBP, inflasie, wisselkoers en die olieprys. Tien jaar later is bevind die voorspellings was inderdaad verkeerd – gemiddeld 60% te hoog of te laag. Meer interessant was egter dat die maatskappyhoofde en die vullisverwyderaars ewe verkeerd was! Ons moet aanvaar dat ons in 'n sogenaamde VUCA wêreld leef, waar dinge wisselvallig, onseker, kompleks en dubbelsinnig is.[5] Dit beteken nie dat ons moet ophou dink oor die toekoms nie, maar wel dat ons metodes hierdie werklikhede in ag moet neem. Ons kan dit doen deur gebeurtenisse, tendense, patrone en diskontinuïteite raak te sien en dit te ekstrapoleer as toekomswaarskynlikhede. Die doel bly om nie passiewe voorspellings te maak nie, maar om geleenthede te identifiseer om enersyds 'n invloed uit te oefen op die verloop van sake, maar andersyds ook om te bepaal watter waarde en bydrae gebied kan word in die ontvouende werklikheid. Die denkfout wat ons in die proses kan maak, is om die verlede as uitgangspunt te neem en te veronderstel dat dit min of meer op dieselfde trant sal bly ontwikkel. Ons sal die toekoms as uitgangspunt moet neem, wat ons juis vroeër as die eskatologies-ekklesiologiese uitgangspunt bestempel het. Om die vrae te vra wat vir ons 'n dieper verstaan gee is in hierdie proses belangriker as om presiese antwoorde te verkry. Die mees algemene vraag en die vertrekpunt by scenario-beplanning is "Wat is die tendense wat aan die werk is wat die potensiaal het om 'n wesenlike verandering in die struktuur van die omgewing waarbinne ons funksioneer uit te oefen?"

---

[4] www.mindofafox.xom

[5] VUCA staan vir "Volatility", "Uncertainty", "Complexity" en "Ambiguity".

In formele scenariobeplanning word die ondersoek-area eers goed afgebaken. Hier praat ons natuurlik oor die toekoms van die NG Kerk, waarskynlik oor die volgende 10 jaar. Volgende word wyd gekyk na faktore wat die omgewing waarbinne die organisasie funksioneer beïnvloed, insluitend politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese, wetlike en ekologiese faktore[6]. Dan laat die proses ons dink oor die dinge wat ons oor die organisasie laat wakker lê en watter moontlike T-aansluitings op ons pad lê waar ons na die een of die ander kant sal móét draai. Uit al hierdie nadenke kristalliseer die sogenaamde "sleuteldrywers" of faktore wat as eksterne invloede die toekomstige trajek kan bepaal. Omskrywing van hierdie faktore is belangrik en hoe dit met mekaar in verband staan. Uiteindelik word die twee kernfaktore of "sleuteldrywers" identifiseer en hoë en lae vlakke van hierdie drywers word omskryf. 'n Matriks van vier scenario's is dan die gevolg en die scenario's word dan ondersoek met die oog op waarskynlikheid. Soms word een of twee scenario's in die proses uitgeskakel of een word bygevoeg. Gewoonlik het so 'n proses 'n uitkoms van drie tot vyf scenario's. Die scenario's word dan verryk met beskrywings en die identifisering van aanwysers (indikators of rooi vlae) wat vir ons sê of 'n scenario op die punt staan om te begin realiseer. Die scenario's word dan gebruik as hulpmiddels om te leer en te verstaan en op ontvouende werklikhede pro-aktief te kan reageer. Vrae soos watter geleenthede daar in elke scenario opgesluit lê (die goeie nuus) en wat die risiko's is (die slegte nuus) help ons met hierdie toepassings en die implementering van intervensies.

Die volgende twee sleuteldrywers en vier scenario's vir die NG Kerk is 'n voorstel en poog om die waarde van scenariobeplanning te motiveer, terwyl dit terselfdertyd 'n uitnodiging is tot diepte-analise van die faktore wat ons omgewing bepaal en hoe ons ons toekomstige posisionering en bedrae in ons samelewing visualiseer. So 'n analise is per definisie 'n oefening wat wye betrokkenheid vra. Aangesien ons glo dat die Gees aan die gemeente gegee word en dat die profetiese woorde van enkelinge daaraan ondergeskik is, behoort ons juis in hierdie soeke na gesamentlike wysheid die eenheid van "mekaar" in die verskeidenheid te waardeer. Kompleksiteit vra dat ons nie indiwiduele wyshede bymekaar sal tel en dink die "som van die dele" vir ons die antwoord kan gee nie. Wysheid is die "produk van die interaksie tussen die dele" en vra 'n dans van onderskeiding waar ons geleidelik die ritme vind en die rigting waarneem.

Sleuteldrywer I Inkarnasie en die omhelsing van die hier-en-nou

Die een sleuteldrywer wat waarskynlik 'n invloed op die posisionering van die NG Kerk in die volgende tien jaar sal uitoefen, is die "vlak van inkarnasie". In die woord "inkarnasie" is die Latynse stam "carne" (vlees) ingebed. Wat hiermee bedoel word, is die mate waarin die NG Kerk haarself volledig as 'n kerk in Suid-Afrika en Afrika sal verstaan en so sal uitleef. Die woord inkarnasie verwys natuurlik ook na die vleeswording van Christus en sy "kenosis"[7]. Christus kon ons Verlosser wees omdat hy 'n "sense of place" gehad het. Omdat hy ons wêreld en ons menswees aangeneem het. Omdat Hy 'n inwoner van Nasaret geword het. Dit is 'n belangrike vraag of die NG Kerk al werklik 'n inwoner van Suid-Afrika geword het. Indien wel, is die benaming "Nederduitse" toenemend 'n wanklank.

Hoe sal 'n hoë vlak van "inkarnasie" lyk? Miskien kan ons dit beste beskryf met die R'e van "real, relational and relevant". Natuurlik sal 'n bepaalde tradisie (in ons geval die gereformeerde met sy Europese wortels) deel van ons identiteit bly, maar ons sal nie tradisionalisties wees nie. Pat Keifert skryf "Tradition is the living faith of the dead. Traditionalism is the dead faith of the living." As ons

---

[6] Sogenaamde PESTLE analise (PESTLE staan vir "Political", Economic", "Social", "Technological", "Legal" en "Environmental").

[7] Fil 2:6-8 "Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis." Die verstaan van vlees in hierdie verband staan dus teenoor die pejoratiewe gebruik van die vlees, bv deur Paulus, om die sondige gerigtheid te beskryf.

daaraan dink dat die woord "tradisie" van die Latynse "tradere" kom, wat beteken "om aan te gee", dan verstaan ons dalk juis dat tradisie beteken om die "oorgelewerde leer van die apostels" hier-en-nou aan te gee. Ons hier-en-nou is nie Europa of Amerika nie. Dis Afrika. Dis Suid-Afrika. Dit sal moet blyk uit ons manier van praat, sing, preek en dien dat ons hier is. Daarin sal ons egtheid, ons verhoudings en ons impak lê – "real, relational and relevant". Lokalisering en die "sense of place" sal selfs verder moet gaan – 'n gemeente in Stellenbosch behoort 'n wesenlik andersoortige uitdrukking ("inkarnasie") te hê as Somerset-Oos, Newcastle of Pretoria. Die vraag sal moet wees hoe ons die rol van die verband en die rol van gemeentes verstaan in terme van hierdie lokalisering. In die verlede was die kerk soos 'n "franchise". Sê maar McDonalds. McDonalds in die Kaap en McDonalds in Gauteng is dieselfde. As jy by een instap het jy by almal ingestap. Selfde spyskaart, selfde prys, jy weet wat jy kry. As jy 'n dekade of twee gelede by een NG Kerk ingestap het, het jy min of meer in almal ingestap. Jy kon jou oë toemaak en weet jy is in 'n NG Kerk. Dit het verander. Dis nou "local cuisine". Wat jy by een gemeente kry, is nie wat jy by die ander kry nie. In 'n sekere mate skep hierdie verskille spanning, maar dit is die direkte gevolg van inkarnasie, beter of slegter toegepas. Interessant genoeg is deesdae selfs McDonald nie meer orals presies dieselfde nie. In Japan se McDonalds kry jy 'n "Shrimp-Burger" wat jy nie elders kry nie. In Indië is daar nie biefburgers nie, maar daar is byvoorbeeld 'n McCurry Pan. En in Duitsland kry jy 'n burger met drie worsies genaamd die Nürnburger. Dit sê iets en uiteraard gaan dit gepaard met respek vir 'n diversiteit van smake menings. Die NG Kerk is nog nie goed geoefen hierin nie.

'n Lae vlak van inkarnasie beteken dat die NG Kerk in 'n selfgemaakte "hemel" sal probeer bly. Soos die dissipels wat met Jesus se verheerliking hutte wou bou op die berg om so lank as moontlik daar te vertoef, in plaas van Jerusalem toe te gaan sodat die harde werk van die Koninkryk kan begin. Dit sal gekenmerk wees deur 'n laertrek-mentaliteit, bedreig en op die verdediging. Ingestel na binne en interne versorging.

Sleuteldrywer II Innovasie en die omhelsing van die "novum" in die hier-en-nou

Die ander sleuteldrywer wat waarskynlik 'n invloed op die posisionering van die NG Kerk in die volgende tien jaar sal uitoefen, is die "vlak van innovasie". In die woord "innovasie" is die Latynse stam "novum" (nuut) ingebed. Wat hiermee bedoel word is die mate waarin die NG Kerk daarin kan slaag om die waarde wat sy bied so te kan verwoord en verpak dat dit werklike behoeftes outentiek aanspreek. Die "nuwe" is eweneens 'n teologiese konsep. "Kyk, ek maak alles nuut, sê God!" En is "creatio" nie juis die skepping van dit wat voorheen nie was nie – dit wat nuut is nie? En tog is die vind van die nuwe nie 'n deurhaling van die "ou, ou tyding" nie. Vincentius se "nova dicere sed non nova" is van toepassing. Dat ons nuut sal spreek sonder om nuwe dinge te sê. Dit is hier waar terme en beweginigs soos "Fresh Expressions" vir ons nuttig is. Daar is 'n behoefte aan eksperimentele ruimtes waar nuwe vorme getoets kan word (die besigheidswêreld praat van "incubators" en "proof of concept"). Gewone reëls kan nie daar geld nie. Ruimte vir die ontluiking van iets nuuts is nodig. Stefan Paas beklemtoon die belang hiervan en beskryf innovasie in die kerklike sfeer as "enigiets wat bydra tot die volhoubaarheid van die kerk in terme van haar lidmate, finansies, reputasie, teologie en spiritualiteit". Hoofstroomkerke is oor die algemeen nie so goed hiermee as kerkplanters en nuwer kerkbewegings nie. In 'n interessante 2012 studie is aan leiers in hoofstroomkerke sowel as leiers in nuwe kerkbewegings gevra "as jy nie 'n dominee sou wees nie, watter ander werk sou die beste by jou pas?" Oorweldigend het die leiers in nuwer kerkbewegings gesê entrepreneur (daar was ook 'n paar wat gesê het polisieman) en die dominees in hoofstroomkerke het gesê dosent (daar was ook 'n paar wat gesê het begrafnisondernemer). Persoonlikheidsgewys (OCEAN) was daar by die nuwe bewegings se kerkplanter-leiers ook meer "openness", "conscientiousness", "extraversion" en "agreeableness" en minder "neuroticism". Hoë vlakke van innovasie sal 'n fyn verstaan van 'n omgewing se behoeftes ontwikkel (dit behoort dus met hoë vlakke van inkarnasie gepaard te gaan) en dan kreatief die pyn verlig en die omgewing en sy mense bemagtig om te doen wat gedoen moet word hier-en-nou.

Ons sal ook moet onthou dat hoe meer innovasie, hoe minder beheer en sekerheid. Innoverende denke is om per definisie oop te wees daarvoor om heersende aannames op te skort, te kyk wat anderkant die grense lê en fundamenteel suspisieus en selfs ondermynend om te gaan met hierdie gevestigde aksiomas en raamwerke.

Indien hierdie twee sleuteldrywers as geldig aanvaar word, kan ons vier scenario's postuleer en ondersoek op grond van die gekombineerde sterkte daarvan.



Vier toekoms-scenario's vir die NG Kerk na die mate van inkarnasie en innovasie

Scenario I "The Time Travellers"

Die eerste scenario is waar die NG Kerk nie slaag om 'n hoë vlak van inkarnasie óf van innovasie te bereik nie. Soos 'n tydreisiger spring sy die heeltyd na gister toe met nostalgie na die "goeie ou dae". Of sy spring na môre toe, maar na 'n geïdealiseerde toekoms waar dinge weer sal wees soos dit was. 'n Herwinning van die invloed, al is dit in kleiner kring, en herwinning van die gevoel van geborgenheid en sekerheid is die kernverlangens in hierdie verband.

Omdat die verwysingspunt terugwaarts in die verlede is, is die vorentoe beweging van tuiskom (inkarneer) in 'n nuwe realiteit nie deel van die dinamika nie. So ook nie die dryf om te innoveer nie, want innovasie soek per definisie die nuwe en nie 'n opstanding van die oue in 'n geïdealiseerde toekoms nie. Die scenario sou ewegoed die "Truspieël" of "Lot se vrou" (die een wat terughunker) genoem kan word. Die scenario is rooi, want dit is die een wat noodwendig tot die volkome inploffing van die NG Kerk moet lei. Wat oorbly, is 'n kerk wat dink sy is reg en uitverkore, wat laer trek en wat angstig-krampagtig beheer wil herwin en uitoefen, sonder enige sukses.

Scenario II "Connecting the Dots"

Die tweede scenario is groen. Dit is die mees lewenskragtige scenario. Kom ons noem dit "Connecting the Dots". Hoë vlakke van beide inkarnasie en innovasie verleen 'n ligtheid aan die NG Kerk, 'n ratsheid ("agility") en veerkragtigheid ("resilience") wat deur 'n vars en vreugdevolle deelname aan en bydrae tot haar omgewing gekenmerk word.

Omdat die verwysingspunt die toekoms is, word die NG Kerk hierin nie langer gekenmerk deur 'n gedrewenheid nie, maar deur 'n geroepenheid deur die God wat haar vanuit die toekoms tegemoet tree en haar uitnooi om deel te neem aan die Goddelike komplot.

Die rede hoekom die scenario "Connecting the Dots" genoem word, is dat dit gepaard gaan met 'n fyn waarneming ("sensing"). So verweef met haar gemeenskap en land, so deel daarvan en so ingestel om geleenthede tot diens raak te sien is sy, dat dit 'n natuurlike soeke raak na moontlikhede. Sy begin patrone raaksien ("connecting the dots") en daarop reageer. Sy versterk die patrone van hoop deur daardie momentum te volg en vermy die patrone van selfbelang deur dit aktief te ignoreer.

Sy eksperimenteer graag met nuwe opsies, sy kyk wat gebeur, ontleer en leer daaruit, sy probeer weer en weer en in die terugvoerlusse soek sy na die stories van hoop en luister sy fyn na die lied van die Koninkryk.

Scenario III "Missing the Point"

Daar is twee oranje scenario's. Dit kan nog beweeg na rooi of na groen, of die kerk kan in daardie scenario's gevange bly. Die "Missing the Point" scenario kan ook genoem word "Road to Nowhere" of "All Dressed up and Nowhere to Go". Dit beskryf 'n scenario van hoë innovasie maar lae inkarnasie. Dis waarskynlik 'n "cool" en "funky" kerk, wat bygekom het met die nuutste maniere van doen, van tegnologie tot programme tot handelsmerkbestuur. Maar omdat die inkarnasie nie daar is nie, is die missionaliteit minder diensbaar en eerder gerig op bemarking en handelsmerkbestuur ("branding").

Die aansien is daar, die aantreklikheid is daar, maar die egtheid nie. Die kerk mag miskien aflewer wat dit belowe, maar dit is nie getrou aan haarself en haar diepste identiteit nie. Dit word REAL-FAKE genoem[8] waar ons wel bied wat ons sê ons bied, maar ons is nie getrou aan onsself nie. Die gebrek aan konteks-sensitiwiteit (lae inkarnasie) beteken daar is 'n aanbod wat nie volhoubare waarde kan bied nie, omdat daar nie 'n werklike belyning met dieper behoeftes van die konkrete konteks is nie.

Scenario IV "The Dinosaur"

Die "Dinosaur" scenario is een van lae innovasie maar hoë inkarnasie. Die identifikasie met plek (inkarnasie) is hoog, maar die aanpassing by veranderde omstandighede en vindingryke maniere om binne beperkinge oplossings te optimaliseer ontbreek. Die ondergang van die dinosourus was dat dit nie vinnig genoeg kon aanpas by 'n snel veranderende habitat nie en met nuwe maniere vorendag kon kom om take uit te voer wat in basiese lewensbehoeftes kon voldoen nie.

So 'n NG Kerk wil graag, maar kry dit net nie reg nie. Sy wil 'n verskil maak, sy is lief vir haar plek en haar mense, maar behalwe dat sy meegevoel het vir die nood, is sy onmagtig om iets daaraan te doen. Haar mentaliteit bly een van skaarsheid, in plaas van optimalisering van hulpbronne en die vind van nuwe maniere om behoeftes aan te spreek. Die ou kolosse van bestaande strukture word eerder in stand gehou. Meer van dieselfde resep word aangebied, maar 'n verskillende resultaat word nie verkry nie, tot verbasing van almal met hulle goeie bedoelings.

Waarde-aanbod

Die volhoubaarheid van enige organisasie begin by 'n baie duidelike en goed getoetste verstaan van die sogenaamde waarde-aanbod ("value proposition"). 'n Goeie begrip van waarde-aanbod het te make met 'n diep verstaan van die behoeftes van diegene aan wie die waarde voorsien moet word. Daarom is 'n resep vir die formulering van 'n waarde-aanbod die volgende:

Ons [diens] help [wie] wat [taak wat verrig moet word] deur [pyn verminder] en [voordeel vermeerder], anders as [kompeterende aanbod].

Elkeen van die vier scenario's het natuurlik 'n implisiete waarde-aanbod (of verstaan daarvan). Toegepas op die kerk, en gerig op die "Connecting the Dots" scenario sal ons byvoorbeeld kan sê:

Ons [entoesiastiese geloofsbegeleiding] help [navolgers van Jesus Christus in Suid-Afrika] deur [selfgerigtheid te verminder] en [roepingsbewustheid te vermeerder], anders as [beskouings wat lewensin soek in gemaksug en hebsug].

---

[8] Teenoor FAKE-FAKE, FAKE-REAL en REAL-REAL (Gilmore and Pine, 2007, "Authenticity")

So ‘n waarde-aanbod berus op ‘n sekere lees van die dieper behoeftes van Suid-Afrikaanse gelowiges, naamlik ‘n soeke na lewensin en betekenis deur die navolging van roeping en die lewer van ‘n bydrae tot die opbou van gemeenskappe en omgewings as Koninkryk van God.

Hoe die NG Kerk haar waarde-aanbod verstaan, sal meehelp om sekere scenario’s ten koste van ander te versterk. Om tot ‘n gedeelde verstaan van waarde-aanbod te kom, word ‘n sekere soort leierskap benodig. Ons kyk ten slotte na die waarde van “sensing leadership”.

“Creatio ex chao” en sensitiewe leierskap

Ons lees dalk Genesis 1 te vinnig. Die “tohu wa bohu” (“woes en leeg”) gee dogmaties aanleiding tot ons siening van *creatio ex nihilo*. Maar daar was nie niks nie. Daar was wel chaos. En in die chaos roep God uit “laat daar lig wees”. Die Latynse “fiat” (“laat”) hoor ons ook by Maria (“laat dit met my wees volgens u Woord”). In plaas van “make it happen” voel ons aan dat God “let it happen”. In plaas van ‘n lineêre proses van kontrole en beheer met meganiese prosesse en uitkomste, ontluik vorm uit die chaos en omdat God dit waarneem, kan dit in vryheid na vore kom.

In ‘n komplekse wêreld is verandering nie lineêr nie en is die “bestuur van verandering” eintlik ‘n oksimoron. Verandering ontluik (“emerge”), en in die “fyn aanvoeling” of die “geloofsonderskeiding” lê geestelike leierskap wat ons kan vorentoe neem. Ons sal moet verstaan dat ‘n samelewing soos ‘n lewende organisme is en nie soos ‘n masjien nie. Ons kan dit nie stuur of bestuur nie. Ons kan dit hoogstens “versteur” op grond van dit wat ons waarneem en wanneer ons kies waarop ons reageer en waarop nie. Sulke leierskap kom eers na vore wanneer ou, meganiese, modelle van leierskap afgeleer word. ‘n Nuttige model vir hierdie “sensing leadership” is Scharmer (2009) se “Theory U”[9] In ‘n proses van “letting go” en “letting come” word onbevange geluister en is ons teenwoordig en oop vir nuwe moontlikhede om te ontluik vanuit die afskeid van vorige rigiede aannames en vooronderstellings. Die vaardigheid van sulke leiers is om patrone te kan waarneem en te kan benoem wanneer hulle dit raaksien, soms in klein formate en oënskynlik lukraak. So word leiers waarlik sin-gewers of sin-benoemers (wat beide die profetiese en priesterlike rolle in Bybelse leierskap tot uiting bring). Sulke leiers gee betekenis aan verandering eerder as om verandering te bewerk en te bestuur. Sulke leiers word nie onkant betrap nie, maar is juis oop vir die uitnodiging in verrassende wendings om nuwe betekenis, nuwe taal en nuwe simbole te vind vir die ontluikende *novum*.

So, wat nou?

So kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom? Steeds bly die antwoord “dit hang af”. Die vlaggies wat moontlike aanduiders kan wees van watter scenario’s besig is om te ontvou is nie eenduidig in hulle betekenis nie.

---

[9] “Scharmer’s “Theory U” proposes a different kind of change management process that attunes to emerging change in complex systems. He suggests the downward “letting go” track of

(1) *Downloading*: viewing the world through one’s habits of thought
(2) *Seeing*: suspending judgment and seeing reality with fresh eyes
(3) *Sensing*: connecting to the field and attending to the situation from the whole (the system begins to see itself),

the sideways track of

(4) *Presencing*: connecting to the deepest source, from which the field of the future begins to arise (viewing from the source),

and then the upward “letting come” track of

(5) *Crystallising*: envisioning the new from the future that wants to emerge
(6) *Prototyping:* creating microcosms in order to explore the future by doing (enacting the new)
(7) *Performing*: embodying the new in practices and infrastructures (embedding the new in the context of the larger co-evolving ecosystems.”

- Wat sê die gebeure rondom 2015 en 2016 se sinodes en die huidige hofsaak van 12 lidmate teen die kerk vir ons?
- Wat sê die dalende lidmaattal en dat al hoe meer gemeentes in 'n finansiële oorlewingstryd verkeer?
- Wat sê die vasgelooptheid van kerkeenheid-gesprekke met die VGK vir ons?
- Wat sê dit dat daar op feitlik elke dorp ander "geloofsdiensverskaffers" as die NG Kerk is en dat selfs die tradisionele (wit, Afrikaanse) ondersteunersbasis van die NG Kerk weinig lojaliteit meer teenoor die kerk openbaar?
- Wat sê dit dat lidmate se ervaring van hulle gemeentes so radikaal kan verskil van een gemeente na 'n ander?
- Wat sê dit dat dit al hoe moeiliker word om jongmense met die vereiste kenmerke te kry om in die teologie te studeer en dan die gemeente-bediening te betree?
- Wat sê dit dat die NG Kerk steeds swaar dra aan die bagasie van ons ondersteuning van apartheid in die verlede?

MAAR:

- Wat sê dit as ds Tewie Pieterse van Coligny en die EFF raadslid 'n vriendskap bou?
- Wat sê dit as Vrystaatse dominees ook in mediasie opgelei word?
- Wat sê dit as Heleen, 'n ortopeed wat lidmaat is van Skuilkrans alle ander dokters wil inspireer om 'n behoeftige pasiënt eenmaal per jaar gratis te help – en Operation Healing Hands ontstaan?
- Wat sê dit as 50 swart kinders elke dag in Riebeeckstad se kerksaal huiswerk doen?
- Wat sê dit as in al hoe meer Echo-huise landswyd gemeenskappe van hoop gebou word?
- Wat sê dit as op Kleinmond al die kerke saam 'n basaar hou waar niemand koop nie, maar alles weggegee word – hulle noem dit 'n Fees van Seëninge?
- Wat sê dit as Doornkloof 'n Engelse diens het wat deur alle bevolkingsgroepe bygewoon word – en na die tyd drink die Engelse en die Afrikaanse diens se mense saam tee?
- Wat sê dit as die gemeente Fochville se boere kom vra hoe hulle ander kan seën en 320 ton mielies en 100 bale voer Oos-Kaap toe gaan?
- Wat sê dit wanneer 13 jong werkendes in Lynnwood gemeente vir 'n werkweek lank op R14 per dag (die armoedelyn) probeer eet om beter te verstaan?

Dit sê waarskynlik:

- Die plaaslike gemeente moet meer word en die verband minder. Hoewel ons al baie verskuif het in hierdie verband, word die regsprekende rol van die sinode en verband steeds oorbeklemtoon en 'n toelatende, innoverende kultuur gedemp. Niemand kan beter inkarneer en innoveer as die plaaslike gemeente nie.
- Ons moet meer oor God praat, nie minder nie. Die gepraat oor sekulariteit, die geloof-wetenskap debatte en die post-Christendom laat ons soms voel ons moet nie die "geloof-ding" te sterk dryf nie. Dissipelskap van Jesus Christus bly die ononderhandelbare kern van ons identiteit (en die "waarde" wat ons bied). Ons kan nie ander aanbiedinge vir lewensin en -betekenis naboots en dit beter doen nie. Ons het dit wat juis nêrens anders te vinde is nie.
- Ons moet besluit of ons wil "reg" wees en of ons gelukkig wil wees. Ons gaan moeilik albei wees. Dogma sal 'n tweede plek moet inneem agter medemenslikheid en egtheid.
- Ons sal vinnig fikser moet raak met die hantering van diversiteit van mening, veral wat dogmatiese en etiese kwessies betref.
- Ons sal moet klaarspeel met Nederduits en tuiskom in Afrika.
- Ons sal soveel as moontlike vennootskappe met soveel as moontlik belangegroepe moet vorm en 'n dienende ingesteldheid daar moet openbaar.

- Ons sal ons toenemend moet laat lei deur entrepreneuriese denke wat in die kerk tot ons beskikking is en baie eksperimenteer. Nege eksperimente gaan weer toegemaak moet word. Die een wat vlamvat gaan al die verskil maak.
- Ons sal moet ophou treur oor hulle wat nie meer by ons is nie en hulle raaksien wat daar is. Ons gaan 'n kleiner kerk wees, maar ons gaan ratser wees.
- Ons sal moet leer dat die storie wat vertel word, is die storie wat op ons sal groei.

Gevolgtrekking

'n Subjektiewe skatting op grond van indikatore soos hierbo is dat ons tans 'n 10% kans het om "Time Travellers" te word, 30% "Connecting the Dots", 40% "Missing the Point" en 20% "Dinosaur". Hoe ons ons ontluikende verhaal gaan versteur, gaan lees, gaan versterk en gaan vertel, sal die waarskynlikhede verskuif. Waarheen bly die ope vraag – dit is heerlik onseker.

Ons moet onthou dat die vroeë Christene maar 'n klein groepie was wat 'n nuwe godsdienstige beweging verteenwoordig het in 'n alreeds oorversadigde "godsdienstige mark". Die Romeinse godsdiens was die dominerende en was gekenmerk deur indrukkende tempels, rituele, beelde en priesters. 'n Keuse vir die Christendom was outomaties 'n keuse teen hierdie "groot godsdiens". Wat is dit dan wat mense so aangetrek het tot hierdie geloofsgemeenskap? Dit kon nie tempels wees nie – hulle het sommer in huise bymekaargekom. Indrukwekkende offers en rituele kon dit nie wees nie – hulle het dit nie gehad nie. Dit was as't ware "lo-tech" godsdiens teenoor die Romeine se "hi-tech" godsdiens. Hurtado sê (onder meer na aanleiding van Hand 2:42-47) dat mense egter wel by die vroeë Christene dinge gevind het wat hulle nie elders kon vind nie en juis gemis het, naamlik:

- **Intimiteit** Hulle was mekaar se broers en susters en het mekaar versorg (die huislike atmosfeer het daartoe bygedra).
- **Deelname** Almal kon deelneem. Die onderskeid op grond van sosiale of ekonomiese klas of geslag, so sterk in die Jodendom en die Romeinse kultuur, is in Christus opgehef.
- **Passie** Die gelowiges se samekomste is gekenmerk deur vreugde.
- **Identiteit** Deelname aan die geloofsgemeenskap het vir hulle 'n sterk identiteit in Christus gegee. Hulle het nie tempels nie, maar is self 'n tempel van die Heilige Gees en liggaam van Christus. Hulle het nie offers nie, maar is lewende offers (Rom 12:1). Hulle is God se verloste kinders. Die eerste vrygelatenes van die skepping.
- **Kragtig** Die byeenkomste is gekenmerk deur 'n ervaring van God se kragtige teenwoordigheid.

Mag ons kies om só 'n publieke kerk te wees waar alles waaraan ons raak in hoop verander. Mag ons God se "dots connect". Wanneer Natanael vir Jesus uiteindelik raakloop en uitvra nadat Filippus hom genooi het om te "kom kyk", is Jesus se reaksie nie 'n argument nie, maar 'n verhoudingswaarheid en 'n belofte: "Ek het jou al lankal gesien!" en "Julle sal die hemel oop sien!"

Dit is genoeg.